Totiushuis: Die woonhuis van JD du Toit (Totius) en sy gesin is geleë in Molenstraat, een van die geboue van die ou Teologiese Skool.

Die geboue op die (nou) historiese terrein is voltooi in 1906 en sluit die voorbereidende skool, rektorswoning, lesingsaal en koshuis in.

Die eerste inwoner van die huis was Prof JL Cachet en met sy uittrede in 1912 is dit betrek deur Totius en sy gesin.

In hierdie woonhuis is die eerste werk verrig aan die Bybelvertaling, en die digbundels "Passieblomme", "Rachel", "By die Monument" en "Wilgeboombogies" is of hier begin of hier in totaliteit geskryf.

Die woonhuis is ingerig met oorspronklike meubels en artikels wat aan die Du Toits behoort het en die studeerkamer bevat die grootste gedeelte van Totius se boekery. Hierdie is ook die woning waarin latere Prof Fanus du Toit 'n groot deel van sy kinderdae spandeer het.

As deel van die TSP 150 Feesvieringe is daar op Woensdag 18 September tussen 16:00 en 18:00 geleentheid om Totiushuis- en kerkmuseums te besoek. Navrae: Carmie Huisman 018-294 8952

Museumbesoek en plaatonthulling

As deel van die **TSP 150 Feesvieringe** is daar op **Woensdag 18 September** tussen **10:00** en **16:00** geleentheid om **Totiushuis- en kerkmuseums** te besoek waarna daar 'n **plaatonthulling** by die Teologiese Skool van Potchefstroom is.

Alle belangstellendes is welkom om die museumbesoeke asook die onthulling van die plaat daarna, by te woon. Bywoning is gratis. Navrae: Elsabé Labuschagne 018-299 1846

Die Kerkmuseum is ingerig in die gebou van die eerste Teologiese Skool in Potchefstroom. Hierdie museum huisves 'n aantal waardevolle voorwerpe wat die ryke geskiedenis verbeeld.

Deel van die versameling is 'n hout "morris chair" armstoel wat deur W en F Velden gemaak is van die boom waaronder die Gereformeerde Kerk herstig is. Die boom het in 1934 doodgegaan.

In die portaal staan 'n preekstoel van Gereformeerde Kerk Potchefstroom (1897). President Paul Kruger het destyds nog die "intreepreek" daarop gelewer.

Daar is twee traporreltjies: Die eerste is 'n opvoubare orreltjie wat kom uit die Dorslandtrek van 1878. Dit is in Humpata (Angola) gebruik tot 1928. Die ander bekende een op uitstalling is diévan PJW Schutte wat hy in 1868 van ds. Postma in Burgersdorp gekry het. Hierdie orreltjie is saamgeneem na die konsentrasiekamp in Potchefstroom, en is later aan die Teologiese Skool geskenk.

Die Duitse volk het ook twee skilderye aan die Teologiese Skool geskenk in 1952 as blyke van waardering vir hulp met Duitse wesies wat nádie oorlog na Suid-Afrika gekom het.

Deel van die primêre uitstalling is 'n Bybelversameling in verskillende tale, en 'n baie waardevolle koperketel wat in 1688 na Kaapstad gebring is deur die Franse vlugtelinge. Dié ketel was toe reeds meer as 100 jaar oud.

TSP FEES 150. Krugerskraal besoek 20 September

Prof dr JD du Toit (Totius), teoloog en digter, het hom sewe jaar lank in die nederige plaaswoning van Krugerskraal afgesonder om aan die Bybelvertaling en Psalmberyming in Afrikaans te werk. Die naam "Krugerskraal" kom van die verbintenis met President Paul Kruger wat as klein seuntjie saam met sy ouers 'n paar maande op die plaas deurgebring het. In 1924 sonder Totius hom af op hierdie plaas. Daar sou hy dag vir dag Bybelboek na Bybelboek vertaal. Nadat die Bybelvertaling in 1930 voltooi is, het Totius die Psalmberyming in 1931 afgehandel.

As deel van die TSP 150 Feesvieringe is daar op 20 September geleentheid om Krugerskraal te besoek waar voorlesings van Totius se werke gedoen sal word, van sy berymings deur 'n sanggroep gesing sal word en 'n foto-uitstalling sal wees.

Koste R50. Bespreking vir die toer moet teen 10 September by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za gedoen word.